

SONDAGSKOOL LES: Die profeet Daniël - 'n Reputasie van Geloof

Doel van les:

- Vierde les in ons reeks oor Daniël en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

Ysbreker: Geloof Charades: Deel die groep in twee. Vooraf het jy ses gevalle wat geloof benodig het in die Bybel op ses kaarte neergeskryf - een geval per kaart. Die twee groepe gaan nou drie kaarte elke trek en dan rukkie tyd kry om te beplan hoe hulle dit in die vorm van Charades aan ander groepe gaan uitbeeld. Verduidelik vir hulle dat in elke situasie die mense groot geloof in God moes hê.

- Noag bou 'n ark, Die Muur van Jerigo wat val, Abraham wat gaan om Isak te offer, Dawid maak die reus Goliat dood, Moses wat die Rooi See skei, Daniël wat oorleef in die leeuuil.

Kinders gaan sit sodra speletjie klaar is.

Sê: Verlede week het ons gehoor hoe Daniël vir Koning Bêlsasar die Skrif teen die muur uitgelê het en hoe die koning daardie selfde nag oorlede is en sy koningskap aan ander gegee is.

Vandag fokus ons op die volgende deel van die verhaal. Na Koning Bêlsasar se dood het Darius koning geword. Hy het baie respek vir Daniël gehad. Daniël het soveel guns en respek gehad by Darius dat hy Daniël oor die hele koninkryk wou aanstel. Natuurlik was daar 'n hele klomp mense wat jaloers was op Daniël oor die guns wat hy gehad het. Onthou dat Daniël as 'n gevangene weggevoer is na 'n vreemde land en hier is hy nou in 'n hoë posisie. Dit was net te veel vir party mense en hulle het 'n baie slim plan beraam om van Daniël ontslae te raak permanent.

Groepwerk: Lees Daniël 6:4-24

1. Hoe het die bose mense geweet dat Daniël nie sal ophou om tot God te bid nie? (Omdat Daniël 'n reputasie van getrouheid aan God gehad het.)
2. Wou die Koning Daniël in die leeuuil gooi? (Nee)
3. Hoekom het hy dit tog gedoen? (Hy was gebind deur die skriftelike bevel.)
4. Hoe het Daniël gewys dat hy geloof in God het nadat hy die bevel gehoor het? (Hy het huistoe gegaan en gaan bid.)
5. Daniël het gesê dat hy gered is oor hy onskuldig voor God bevind is. Onskuldig van wat? (Ongehoorsaamheid, nie getrou aan God wees nie.)
6. Watter situasies in jou lewe kan jy noem waar geloof in God jou help?

Kry terugvoering.

Daniël was een van die vele groot geloofshelde. Hoewel hy geweet het dat om die bevel van die Koning te ongehoorsaam die dood sou beteken, wou hy nie sy geloof prysgee nie, al sou dit sy lewe kos. Ons weet nie of Daniël gedink het hy sou lewend uit die leeu kuil kom nie, maar ons weet wel dat hy tot God gebid het vir hulp. Ons weet nie of daardie gebed was dat God hom moet veilig hou of dat dit dalk was dat hy nie pyn sou voel en sy dood vinnig sou wees nie.

Om geloof in God te hê beteken om God beheer van ons lewens te gee. Wanneer ons gehoorsaam is aan God en Sy naam groot maak, gee Hy ons die moed om te doen wat ons moet vir Hom en om te gaan daar waar Hy wil hê ons moet gaan.

Sluit af met gebed in groepe.

Noag bou 'n ark

Die Muur van Jerigo wat val

Abraham gaan om Isak te offer

Moses skei die Rooi See

Daniël oorleef in die leeu kuil

Dawid maak die reus Goliat dood